

# Lienke en die bende



LekkeLees.com

omnibus

"Is nie," antwoord Lienke haar beste vriendin, Bianca vies.

"Mienke dink net sy is dié slimste omdat sy daai *stupid* wiskunde-woordsom kon oplos, *pffttt*."

Bianca stoot haar bril terug op haar neus en kyk senuweeagtig na Lienke — sy ken *al* Lienke se geite en giere en sy kan sien dat Lienke reg is om Mienke se boksterte te trek.

"Toemaar, môre het ons nog 'n wiskundetoets en dan kan jy haar *alie skop*," sê Bianca en skop haar voet in die lug soos 'n *ninja*.

"*Urg, whatever*," antwoord Lienke en gooi haar hare terug oor haar skouer soos 'n regte *drama queen*.

"Ek dink sy kort 'n goeie *ou poets* om haar terug te bring aarde toe," antwoord Lienke geheimsinnig.

Bianca kyk na die snaakse glimlag op Lienke se gesig en begin bekommerd raak.

"Wat ... wat wil jy doen?" vra Bianca bang.

"*Mmmm ...* ons sal sien," antwoord Lienke en speel met haar skêr in haar hand, kyk daarna en gooi dit in haar skooltas.

Lienke draai om en kyk na Bianca wie se bril *alweer* op haar neus hang en bang oor haar bril na haar kyk.

"Wat?" vra Lienke onskuldig.

"Dis nie asof ek haar gaan toesluit in 'n kas nie?"

"Alhoewel dit nie 'n slegte idee is nie," murmer Lienke terwyl Bianca oopmond na haar staar. Lienke draai vrolik om en kyk na Bianca asof niks gebeur het nie.

"Lus vir *popcorn*?" vra Lienke opgewonde vir Bianca.

Bianca skud haar kop en loop soos 'n *Zombie* agter Lienke aan na die kombuis toe.

*Wragtie*, sy is darem maar nie lekker in die kop nie dink Bianca soos sy agter Lienke aanloop.

\*\*\*

Daardie volgende dag by die skool kou Bianca haar naels stukkend ... sy sit agter Lienke en sien hoe sy kort-kort in Mienke se rigting kyk en met haar skêr onder haar tafel speel.

Mienke sit by haar tafel en dagdroom oor hoe sy pouse haar *Tinkie* gaan verslind. Sy sug — sy gaan seker *weer* alleen onder die boom moet gaan sit, want vandat hulle ‘n maand gelede na Reënboogkroon getrek het, sukkel sy om vriende te maak.

Dis asof *almal* in die skool hulle eie kliek het en haar net nie wil deelmaak daarvan nie ... veral Lienke ... sy lyk of sy *elke dag* vuur spoeg met haar oë en sy verstaan nie wat op aarde sy aan Lienke gedoen het nie?

Mienke trek haar skouers op en gaan aan om haar woordsom klaar te maak voor pouse, toe sy eweskielik voel hoe iemand haar teen die skouer kap.

Sy kyk verbaas op en kyk vas in Lienke se kwaai oë.

Lienke stap verby Mienke asof *niks* gebeur het nie en gooi ‘n papier in die asdrom wat voor in die klaskamer staan, draai parmantig om en loop terug na haar tafel.

Sy kyk aspris nie na Mienke nie en maak asof niks gebeur het nie.

Maar dit was ‘n *groot* fout ...

Mienke besluit dat sy *nou* lank genoeg Lienke se nonsens moes opvreet en haar pa het haar geleer om op te staan vir haarself — dalk nou *nie* in die manier wat sy dit nou gaan doen nie ... maar *oh well?*

Voor Lienke weet wat gebeur val sy vooroor en land op haar gesig tussen die rye tafels. Sy lê versteen en luister hoe al die kinders begin lag en bloos sommer bloedrooi toe sy opstaan.

Haar rooi wange word *gou-gou* vlamme van woede toe sy Mienke se engelgesiggie aanskou en voor Lienke haarself kan keer begin sy Mienke se poniestert hard te trek.

“*Eina,*” skree Mienke!

“Ja, jy *wou* my mos pootjie,” skree Lienke verwoerd.

“*Wel,* jy het my eerste gestamp,” stry Mienke terug.

“STILTE!” bulder juffrou Koekemoer hier bo hulle koppe uit.

Juffrou Koekemoer is *almal* se grootste vrees, met haar ou blou Volla *vroem-vroem* sy elke oggend by die skoolterrein in en sodra sy uit die kar klim begin sy met *almal* te raas vir geen rede nie.

Sy dra elke dag 'n stywe bolla wat so styf is dat dit sommer haar wenkbroue boontoe laat staan. *Ja-nee*, almal dink juffrou Koekemoer is maar baie aaklig en gemeen.

“Maar jouffrou,” sê Lienke en Mienke sommer gelyk.

“Sy het my gestamp?”

“*Is nie*, jy het my gepootjie!”

“Al twee van julle, bly stil!” skel juffrou Koekemoer kliphard en altwee meisies staar oopmond na haar.

“Ek het nou genoeg gehoor van julle! In *my* klas is daar nie plek vir boelies nie.”

“Pak julle tasse en gaan na Meneer Brink se kantoor toe.”

“NOU!”

Lienke en Mienke sluk albei hard aan die knop in hul keel — meneer Brink, die skoolhoof, is nou nie jou maat nie ... hy eet kinders vir *brékvis*!

“Ons ... ons is jammer juffrou, ons sal dit nie weer doen nie,” begin Mienke met haar mooipraat.

Lienke kyk haar vies aan en fluister saggies, “jou gatvlieg.”

Ongelukkig ontgaan *niks* juffrou Koekemoer se ore nie.

“*Ah nee ah*, Lienke, wie leer jou sulke taal? Wil jy hê ek moet jou ouers bel?”

Mienke kry baie lekker en lag saggies vir Lienke.

“Toe nou mejuffrou,” sê juffrou Koekemoer vir Mienke

Ek bel *vinnig-vinnig* jou ouers ook!”

“Ek het nou genoeg gehad van julle gedrag en julle steur my klas ... *toe* pak op en gaan!” gil sy kwaai en wys met haar krom vinger in die rigting van die deur.

Traag pak die meisies hul tasse op en verlaat die klas sleepvoet.

Nie een van hulle het die moed om met mekaar te baklei op pad na meneer Brink se kantoor toe nie. Hul albei wag in stilte om te sien watter woede op hul kop gaan losbars.

Toe hulle in die kantoor kom moet hul eers by tannie Vonnie, die vriendelike kantoortannie aanmeld waarna sy vir hulle wys dat hulle op die stoele voor meneer Brink se kantoor moet wag.

Hulle altwee kyk na die stoele en dan na mekaar — hier kom GROOT moeilikheid ...

*Wil jy meer weet oor wat met Lienke en Mienke gaan gebeur in menner Brink se kantoor? En gaan hulle dalk maats kan word na alles wat gebeur het?*

*Kyk uit vir die volgende storie in die reeks en vind uit wie die misterieuse briewe aan Lienke stuur ...*

KOPIEREG WORD VOORBEHOU AAN DIE SKRYWER JANA SNYMAN